Laerskool
Louw
Geldenhuys

#Louwtjies draVrug

120 JAAR

1 November 2023

## GOEDGEKEURDE SKOOLFONDS 2024

Goedgekeurde skoolgelde vir 2024:

1. Skoolgelde vir Gr. R tot Gr. 7 beloop R27 390 per leerder per jaar. Indien u voor of op 31 Januarie 2024 ten volle betaal, word 'n korting van R620 toegestaan en is die bedrag dus R26 770.
2. Nuwe inskrywings later in die jaar, se skoolgelde word pro-rata aangepas.
3. Skoolgelde kan ook afbetaal word in gelyke paaiemente oor 11 maande en is ten volle betaalbaar teen 17 November 2024.
    a. Gr. R tot 7: R2 490 per maand word aan die begin van elke maand vanaf 1 Januarie 2024 gehef en is betaalbaar teen die 17de van elke maand.
4. Voornemende Gr. R-ouers betaal 'n voorskot op hul skoolfonds van R2 000 per leerder voor die einde van die voorafgaande jaar.
    a. Die leerder se skoolfondsrekening sal in November met hierdie bedrag gekrediteer word.
5. Die fooi dek dagboeke en eksamenpraatjies.
   Opvoedkundige toere en uitstappies sal apart gehef word, nadat 'n gedeelte deur die skoolfonds gesubsidieer is. Dit sal vroegtydig aan ouers gekommunikeer word voor die uitstappie of toer.
6. Betaling van alle skoolgelde moet asseblief teen 17 November 2024 afgehandel wees.
7. Persone wat hulle skoolgelde by wyse van debietorder betaal, se betaling geskied oor 11 maande vanaf Januarie tot November.
   'n Nuwe debietorder-magtigingsvorm is verkrygbaar by finansies@llg.co.za, op ons webblad, asook d6-Connect. Dié vorm MOET jaarliks voltooi word indien u hiervan gebruik wil maak.
8. Die volgende wyses van betaling word aanvaar:
    - d6 Toepassing (Voorkeuropsie)
    - Debietorder
    - Elektroniese oorplasing
9. Die Beheerliggaam sal bereid wees om aansoeke van skoolgelde op 'n verminderde skaal te oorweeg. Daar is duidelike statutêre en departementele riglyne wat hierdie proses bepaal na aanleiding van 'n ouer/voog se finansiële posisie. Die nodige aansoekvorm om betaling van skoolfonds op 'n verminderde skaal, is beskikbaar by adminllg@llg.co.za en moet voor of op 25 Februarie 2024 by die kantoor ingedien word. Indien die aansoekvorm nie voor of op 25 Februarie ingedien word nie, sal u aansoek nie terugwerkend bereken word nie.
10. Ouers/Voogde wat skoolgelde by wyse van paaiemente betaal, sal maandeliks 'n rekeningstaat ontvang.
11. Betaalde buitemuurse aktiwiteite soos bv. naskool, tennis, kuns, toere, ens. word ook op die skoolfondsrekening gehef en moet maandeliks betaal word, aangesien hierdie aktiwiteite NIE GRATIS IS NIE. Naskool is maandeliks vooruitbetaalbaar teen R1 000 per maand oor 11 maande vir geregistreerde naskool-leerders. R110 per dag sal gehef word per leerder wat nie geregistreer is nie, en daar is geen limiet nie.

Louwtjiegroete,

**MNR. MARTIN BENSCH**
LLG HOOF

H/v 7de Straat & 3de Laan, Linden 2195 | Posbus 44045, Linden, 2104, Johannesburg.
**Telefoon** (011) 782 5442 | **E-pos (hoof)** hoof@llg.co.za | **E-pos (leerderaangeleenthede)** pos@llg.co.za
**www.llg.co.za**